## Leef saam HUISGELOOF

Dit was nie vir almal wat in die Bybelse tyd geleef het maklik om te glo dat Jesus werklik God is nie. Party mense het gesien wat Jesus doen en het gehoor wat Hy sê, en was dadelik oortuig dat hy die Messias is. Ander het weer gedink dit waarmee Jesus besig is, doen afbreuk aan God en hulle oortuigings.

Gesels saam:

- Sou jy geglo het Jesus is werklik God?
- Hoe sal jy reageer as iemand nou sê hy is die Seun van God?

### WONDER

Lees Markus 2:1-12 saam.

*Opsioneel:* Julle kan ook 'n dramatisering van die verhaal kyk. Die volgende videogreep uit *The Chosen* is 'n goeie opsie.

Gesels saam:

- Watter verskillende reaksies is daar op Jesus in hierdie genesingsverhaal?
- Hoe sou jy gereageer het?
  Hierdie verhaal leer ons wie Jesus is. Wie dink jy is Jesus?

### WEES

Elkeen van ons ervaar soms twyfel en het vrae oor God. Om verhale van Jesus te lees help ons om Hom beter te leer ken. Dit help ons ook om die leidrade van God se teenwoordigheid in ons lewe raak te sien.

Net soos 'n speurder, moet ons vandag ook soek na die leidrade wat wys dat Jesus werklik God is. Maak saam 'n lys van hierdie leidrade en plak dit iewers waar julle dit elke dag kan sien.

### WEGSTUUR

Wees hierdie week bewus van leidrade wat julle herinner dat Jesus God is. Deel dit met mekaar.

# Welkom in die kategese

## Hallo en welkom in die kategese

My naam is ______________________ (kategeet).

Jy kan my altyd in die hande kry by

______________________ of ______________________.

Saam gaan ons leer hoe om die Here en mekaar meer en meer lief te hê.

Dit is vir my 'n voorreg om jou in ons groep te verwelkom.

______________________ ______________________

Handtekening Datum

*"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."*

**MARKUS 10:14**

# Kategese 2024!

Vir 2024 het die kategese ‘n nuwe formaat aangeneem.

9:00 Families woon almal saam die erediens by.
9:20 Die Klitsies (voorskoolse kinders tot graad 3) verlaat die kerkgebou saam met hul mentors na die Ou Pastorie.
Kinders van graad 4-10 verlaat die kerkgebou saam met hul mentors na die saal.
9:30 Groot groep byeenkoms.
9:40 Klein groepe verdaag na hul lokale.
10:00 Ouers gaan haal hul kinders by hul onderskeie lokale.

<u>Wat moet ek onthou?</u>

- Alle datums is op die kerk kalender.
- Tydens nagmaal is daar geen kategese nie.
- Die huisgeloof materiaal sal op die kerk se webblad beskikbaar wees.
- Kontak asb die kerkkantoor of die jeugwerker met enige navrae.

<u>Wat moet ek bring?</u>

- Bybel
- Die mentors mag soms bydraes vra.

# Jeugbediening 2024

**Klitsies**: Gr. 0 - 3

Kom tydens oggend-eredienste byeen in die Ou Pastorie langs die kerk tydens skoolkwartale. Sien kategese op kalender

**Kategese:** Gr. 4 - 10

Elke Sondag om 9:00 in die saal tydens skoolkwartale. Sien kalender

**Belydenisgroep:** Gr. 11

Elke Sondag na die erdiens in die kerkgebou, tydens skoolkwartale. Sien kalender.

**Koffiekerk: Sondag 16:00-18:00** (vir tieners):

‘n Aktuele geleentheid gevul met lofsang, koffie en tyd saam met Jesus. Tydens skoolkwartale. Sien kalender

**Chat@153**: **Vrydagmiddae 15:00-18:00**

Kom kuier saam by Chat@153, ‘n sosiale ruimte in die Ou Pastorie vir kinders en jongmense om saam met vriende te ontspan.

Gr.6 - Gr.12 welkom. Vrydagmiddae soos op die kalender.